13 Maart 2026

# Randjienuus


## RANDBURG MAAK GESKIEDENIS

Meneer Booysen skryf met trots in die skool se geskiedenisboek dat Hoërskool Randburg iets besonders reggekry het: twee **Interhoër-oorwinnings in twee opeenvolgende dae – eers atletiek en toe swem**! Hierdie prestasie sal vir altyd deel van die skool se storie en tradisie wees.

Wat dit nog meer spesiaal maak, is dat dit gebeur in die jaar waarin ons ons 60ste bestaansjaar vier. Dit is werklik 'n kosbare verjaarsdaggeskenk vir ons skool.

Baie geluk aan elke atleet, afrigter en ondersteuner wat hierdie geskiedenis help skryf het. **Randburg se gees leef sterk!**





# LIGPROJEK

Leerders van die **Ligprojek** het die naweek van 7 Maart by FORA *(Friends of Rescued Animals)* gaan kuier waar hulle hul tyd, aandag en liefde met die diere gedeel het.

Sulke geleenthede herinner ons hoe belangrik dit is om om te gee en ’n verskil te maak – nie net vir mense nie, maar ook vir diere wat liefde en sorg nodig het.

Ons is trots op ons leerders wat hul harte oopmaak en wys dat Randjies omgee.



# AKADEMIE

## GRAAD 9 GESKIEDENIS INSTAPPIE

Die *Holocaust* en *Genocide* Museum het op 5 Maart Hoërskool Randburg besoek met ’n insiggewende en interaktiewe werkswinkel, gebaseer op die graad 9 Geskiedeniskurrikulum oor die Tweede Wêreldoorlog.

Leerders het deur aktiwiteite en ’n boeiende aanbieding hul kennis verdiep en ’n beter begrip van die historiese gebeure wat in die klas behandel is, ontwikkel. Dit was ’n waardevolle en verrykende leerervaring vir almal!



# KULTUUR

## KOOR SOIRÉE

Ons koor het op 1 Maart hul eerste optrede van die jaar tydens die Soirée gelewer. Dit was 'n opwindende en pragtige middag gevul met die mooiste klanke en harmonieuse samesang. Die leerders het met selfvertroue en passie opgetree en die gehoor met hul musikale talent bekoor. Ons is ongelooflik trots op elke koorlid se toewyding en harde werk. Baie geluk met 'n besondere begin van die jaar – ons sien uit na alles wat nog voorlê!



# DANS

**Janique Kruger (gr. 11)** het onlangs aan die *Stars of the Universe* internasionale danskompetisie deelgeneem waar sy met haar **Federasie Nasionale Kleure** gespog het en Suid-Afrika verteenwoordig het. Sy het **twee goue toekennings** vir haar kontemporêre en *jazz solo's*, asook 'n **goue toekenning** vir haar deelname in die dramatiese afdeling van die kompetisie verwerf. Sy is met hierdie uitmuntende prestasies ook die geleentheid gebied om in Oktober weer internasionaal aan die Georgia *International Arts Festival* in Tbilisi, Georgia deel te neem.





# *SPEECH GUILD*

Die **graad 12 *Speech Guild* spanne** het Donderdagaand, 26 Februarie en Maandagaand, 9 Maart by onderskeidelik Northcliff High en Redhill High deelgeneem.

### *Open Team: Result B+*

- Isabella Murison
- Hayley van der Westhuizen
- Charlene-Mari van der Bank
- Jan Ferreira

### *Trophy team: Result A+*

- Ruan Visser
- Aliza de Beer
- Matthew Marais






**Baie geluk met jul pragtige uitslae!**

# SPORT

## HENGEL

Ons hengelaars het by Steyns (Vaaldam) aan die Gauteng Hengelliga deelgeneem en met ywer en durf teen ander skole meegeding. Al moes die kompetisie weens swaar reën en donderstorms gestaak word, het ons span hul staal gewys en met deursettingsvermoë en sportmanskap uitgeblink. Ons is ongelooflik trots op elke hengelaar wat deelgeneem het en ons skool met trots verteenwoordig het. Welgedaan, Manne en Meisies – julle maak ons trots!





## TENNIS

Baie geluk aan ons **top vier junior tennisseuns** met hul uitstekende vertoning by die Jo'burg Tennis Junior Interhoër. Om **eerste te eindig** ná die groepwedstryde en dan **tweede** uit 17 skole te eindig ná 'n naelbyt-finaal, is werklik iets om op trots te wees! Julle deursettingsvermoë, spanwerk en veggees het duidelik gewys. Julle het nie net pragtig gespeel nie, maar ook ons skool met trots verteenwoordig.

Ons is ongelooflik trots op julle prestasie – hou aan om so hard te werk en groot te droom.

**Van links na regs:**

- Hanco Grové,
- Marcus Henschel
- Nathan Garbers
- Adriaan de Waal



# PERSONEELKONSERT VOOR DIE INTERHOËR

Ons personeelkonsert voor die Interhoër was ’n groot sukses! Die tema van die konsert was “Rooikappie se nuwe blou baadjie”. Die personeel het die geleentheid gebruik om sommer lekker saam pret te hê en die gees vir die groot dag te bou. Daar was hope lag, kreatiewe optredes en baie skooltrots.



# INTERHOËR ATLETIEK

Interhoër is altyd 'n dag waarna ons Randjies baie uitsien en wat 'n dag vol hoogtepunte! Baie geluk aan al ons atlete wat medaljes gewen het en ons skool verteenwoordig het. **Op die dag het ons Randjies die volgende medaljes verwerf:**

- 29 goue medaljes
- 29 silwer medaljes
- 23 brons medaljes

ONS IS INTERHOËR WENNERS 2026. Dankie aan elke Randjie op die pawiljoen, elke atleet, elke reserwe, elke onderwyser en afrigter en elke ouer! Julle passie, ondersteuning en harde werk het hierdie dag ongelooflik gemaak. **Ons is trots. Ons is dankbaar. Ons is wenners – saam!**







# DIRIGENTESPAN







HOOFDIRIGENT:
SHALIEN BLESSIE

HOOFDIRIGENT:
CHRISJAN VAN NIEKERK








# O/19-AFLOSSPANNE

Die o. 19-meisiesaflosspan (van links na regs) is **Nicolette Vorster, Mia van der Merwe, Daniella Kitching en Lara Boshoff**. Die o. 19-seunsaflosspan is (van links na regs) is **Schalk du Plooy, Gian van Tonder, Bradley Butcher en Zander Foxcroft.** Baie dankie aan ***Reckless bear*** vir die borg van die klere. Hulle het baie mooi gelyk.

SUPER



# KRIEKET

Dit was op 25 Februarie 'n besige krieketdag vir Randburg met gemengde uitslae. Die dogters B-span het teen Dainfern gespeel waar Dainfern 88 vir twee aangeteken het. Randburg het sterk teruggeveg en 90 vir ses behaal, met Mikayla Rossouw wat 'n uitstekende 27 lopies aangeteken het. Randburg wen die wedstryd met vier paaltjies.



Die o. 14 B-span het teen St Benedict's te staan gekom. St Benedict's het 218 vir ses behaal, met **Jayden Swart** wat met drie paaltjies vir 22 lopies uitgestaan het. Randburg is egter vir 79 uitgeboul en verloor die wedstryd met 139 lopies. Die o. 15 B-span het ook teen St Benedict's gespeel. Randburg is vir 50 uitgeboul, waarna St Benedict's die teiken met 51 vir twee bereik het. In die Johnny Waite Finaal het die o. 15's teen Monument gespeel. Monument het 142 aangeteken, met **Andrew Holmes** wat 'n indrukwekkende vier paaltjies vir 15 lopies geneem het. Randburg het goed meegeding en 122 vir 7 behaal, met **Josh Kitching** (44) en **Tinus Otto** (37) wat sterk bygedra het, maar uiteindelik met 20 lopies verloor. In die Eerste span se Johnny Waite Finaal teen Queens het Randburg 110 vir ses aangeteken, met **Josef van der Berg** wat 45* (nie uit nie) behaal het. Queens het die teiken met 112 vir drie bereik en Randburg verloor met sewe paaltjies. **Welgedaan aan al ons spelers met hul harde werk en deursettingsvermoë op die veld!**



# SKAAK

Ons skaakspan het op 25 Februarie aan hul eerste vriendskaplike skaakwedstryd van die jaar deelgeneem. Ons het 'n junior- en 'n seniorspan gehad wat teen Trinityhouse Randpark gespeel het.





Die juniorspan het 5-2 gewen en die seniorspan het 12-2 verloor.









# SWEM GAUTENGSPAN

Baie geluk aan **Bokkie Maruping (gr. 9)** wat tot die **Gauteng span** vir die SA Skool Swemkampioenskap 2026 verkies is wat van 24 tot 27 April by die Universiteit van Kaapstad gaan plaasvind.

Ons is baie trots op jou en wens jou sterkte toe in hierdie voorbereidingstyd toe.








# NETBAL

Die netbalseisoen het op 7 Maart met 'n vriendskaplike toernooi by Hoërskool Rustenburg afgeskop. Ons **netbalspanne** het teen Rustenburg, Edenvale, DSG en Menlopark kragte gemeet in 'n dag vol goeie netbal en uitstekende sportmangees. Ons sien uit na die seisoen wat voorlê. Baie dankie aan die gasheer en al die skole vir 'n lekker dag se netbal!



# INTERHOËR SWEM

**RANDJIES DOEN DIT WEER (VIR DIE TWEEDE JAAR IN 'N RY) BY DIE SWEM INTERHOËR 2026 — WENNERS!** Wat 'n ongelooflike vertoning van spanwerk, deursettingsvermoë en pure **RANDBURG GEES!** Ons is baie trots op elke swemmer, afrigter en ondersteuner wat hierdie oorwinning moontlik gemaak het. Julle het gewys wat dit beteken om 'n Randjie te wees!



Die swemspan het die seisoen op 'n uitstekende, hoë noot afgesluit deur 'n eerste plek by 4 Maart se C-liga Interhoër swemgala te behaal wat by Randpark High School plaasgevind het. Alhoewel ons hele skool die vorige dag by Pilditch Stadion aan die interhoër atletiek deelgeneem en ondersteun het, het dit nie ons swemmers teruggehou nie en hulle het met hope energie die swemgala aangepak- inteendeel, die atletiek se oorwinning het hulle seker aangespoor!



## Algehele uitslae:

**Eerste - Hoërskool Randburg (560 punte)**

**Tweede** – Hoërskool Linden (444 punte)

**Derde** - Crawford Sandton (410 punte)

**Vierde** - Randpark High School A (407 punte)

**Vyfde** - Benoni Hoërskool (370 punte)

**Sesde** - Monument (352 punte)

**Sewende** - Crawford Lonehill (349 punte)

**Agtste** - Heron Bridge College B (299 punte)

**Negende** - Beaulieu College (230 punte)

**Tiende** - Randpark High School B (223 punte)

## Die volgende swemleerders se nuwe rekords is gestel:

- **Jannes Neethling, Chris-Jan Fourie, Megan Kleynhans, Carli Coetzee** - o. 16 4 x 50m wisselslagaflos 02:15,73
- **Thomas Pretorius, Jan-Johan van Aswegen, Keira Bester, Larissa Bouwer** - o. 17 4 x 50m wisselslagaflos 02:15,92
- **Erik Breedt, Reeghardt Botha,Simone van Aswegen, Chantal van der Bank** - OOP 4 x 50m wisselslagaflos 02:12,96
- **Megan Kleynhans** - o. 16 dogters 50m rugslag 33.42






Baie geluk, Randjie-swemmers! Julle toewyding en uithouvermoë het kop en skouers bo die res uitgestaan. Baie, baie dankie aan elke swemmer wat die jaar in die swemspan was – A of B. Jy het die skool se naam baie hoog gehou en die skool is trots op jou. Vyf sterre vir julle!

# HOKKIE

Ons **o. 14-dogtershokkiespan** het aan die Jeppe High School *for Boys Co-Ed School Fest* deelgeneem. Dit was uitstekende voorbereiding vir die seisoen en 'n waardevolle geleentheid om kombinasies te slyp en selfvertroue te bou.



## RESULTATE:

- ★ **Wen** 3–0 teen Bryanston High School
- ★ **Wen** 1–0 teen Khoza
- ★ **Gelykop** 1–1 teen Hoërskool Kempton Park
- ★ Verloor 0–3 teen Hoërskool Linden
- ★ **Wen** 1–0 teen Trinityhouse

**Baie geluk, Dogters! Julle harde werk en spanpoging is duidelik sigbaar. Hou aan bou aan hierdie momentum – die seisoen lyk belowend!**






Ons **o. 14-seunshokkiespan** het ook aan die Jeppe High School *for Boys Co-Ed School Fest* deelgeneem. Dit was uitstekende voorbereiding vir ons spelers en 'n goeie geleentheid om as span saam te groei.



## RESULTATE:

- ★ **Gelykop** 0–0 teen Bryanston High School
- ★ Verloor 1–0 teen Sizwe Khoza Primary School
- ★ **Wen** 2–1 teen Hoërskool Noordheuwel
- ★ **Wen** 1–0 teen Hoërskool Kempton Park

**Baie geluk, Manne! Julle harde werk en deursettingsvermoë dra reeds vrugte. Hou so aan!**







Ons **seunshokkiespanne** het die naweek van 6 Maart vriendskaplike voorbereidingswedstryde teen Jeppe Boys High School en Transvalia gespeel. Baie dankie aan Jeppe vir die besoek en die uitstekende gees waarin die wedstryde plaasgevind het. Dit was besonders om 'n span hier te hê wat met soveel respek en goeie maniere optree – iets wat altyd waardeer word, op én van die veld af. Ons het ook op 7 Maart teen Transvalia gespeel. Baie dankie aan Transvalia vir goeie, kompeterende wedstryde en die sportmangees waarmee die dag se hokkie gespeel is.

**Uitslae teen Jeppe:**

- **o.16 A**: Randburg 0–5 Jeppe o.16 C
- **Tweedes:** Randburg 0–3 Jeppe Vierdes
- **Eerstes:** Randburg 5–1 Jeppe Derdes

**Uitslae teen Transvalia:**

- **o.14 A:** Wen 4–1
- **o.16 A:** Verloor 0–4
- **Eerstes:** Verloor 0–1










Ons **junior seunshokkiespanne** het op 10 Maart weer teen Jeppe gespeel. Baie dankie aan Jeppe vir die goeie kompetisie en uitstekende sportmanskap – veral vir 'n tweede ontmoeting binne minder as 'n week.

## Resultate:

- **o. 14 seuns** speel **gelykop 2–2** teen Jeppe o. 14 B
- **o. 16 seuns wen 4–1** teen Jeppe o. 16 E







## Klerebank

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)**

**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




## Randjie Gebedswag

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU. Almal is welkom!**



## Parkering

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.**
**<u>Prosedure</u>:** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**












ADS

# EASY HOME SECURITY FIXES

*that make a big difference*




**Improve outdoor lighting**
Well-lit entrances, driveways, and pathways act as a strong deterrent

**Secure doors and windows**
Install quality locks on all gates, reinforced doors, and burglar bars where necessary. Sliding doors should have anti-lift brackets and secure locking systems to prevent forced access

**Trim overgrown shrubs and trees**
Keep plants trimmed near windows, doors, and perimeter walls to eliminate hiding spots and improve visibility. Trees that provide easy access over walls or fences should be cut back

**Update your security company and test your system**
Your armed response provider should always have your current contact details to avoid delays in an emergency

**Use smart security solutions**
CCTV cameras, outdoor beams, and alarm sensors allow homeowners to monitor activity remotely and respond quickly to potential threats

**Create the illusion that someone is home**
Use timers for lights when you're away and ask a neighbour or friend to collect your mail

**Get to know your neighbours**
Strong community relationships are a powerful crime deterrent. When neighbours look out for one another, suspicious activity is more likely to be spotted and reported quickly

**Think like a criminal**
Stand outside your gate and assess how easy it would be to access your property. Are there open windows, broken locks, or unsecured entry points?

**Talk to your loved ones**
Personal safety should be an ongoing conversation. Make sure everyone in the household understands basic safety habits and knows how to respond in an emergency.

www.adt.co.za | www.fidelity-services.com | JHB: 086 1212 400 /PTA: 086 1212 500



coolideas

YOUR FIBRE GUY



# 2026

**A New Year, New Opportunities!**
**Invest in your future and unlock your full potential!**

## Spesialising in:

- Career Guidance & Counselling
- Subject Choices
- Study Techniques & Methods
- Learning Style Preferences

Assessments Done Online | Feedback Online or In Person

*"Education is the most powerful weapon which you can use to change the world." – Nelson Mandela*

Hoop | Hope | Ithemba

info@cbiop.co.za
www.cbiop.co.za
079 108 6844
Randburg

Corlia Bellingan
industrial psychologist


CEDAR
SOLAR
Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS
ENERGIE OUDIT
GRATIS OUDIT
Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.
Cedar Solar is gebaseer in Honeydew
Vinnige, lokale ondersteuning in JHB
15 Jaar in die industrie
Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse
Goedgekeur by Groot Banke
SCOUT
Google rating
4.7
WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.
Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn
www.cedarsolar.com
Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T& C's Apply.


C&C BARNARD
BIOKINETICISTS
14 Aimee Street, Moret, Randburg, 2161
CJ: 072 495 1636 / Chardoné: 083 609 8222
www.ccbio.co.za
Services
• Evaluation (Orthopaedic, clinical, wellness)
• Rehabilitation (Orthopaedic, clinical, wellness)
• Conditioning & weight loss
• High performance training
• Fitness assessment
• Body composition
• Sports injuries & joint pain
150m from Hs Randburg

# MAART 2026

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **9** | **10** | **11** | **12** | **13** | **14** | **15** |
| **Toets 12**<br>Admaths Gr 8 tot 12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Seunstennis C & D<br>Dainfern Gholf Toernooi<br>A Capella oefening<br>Gr 12 Speechguild Trophy Redhill School<br>Distriks Netbalproewe (t) | Koor oefening<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>Netbalkliniek (t)<br>Seunshokkie Jeppe Jnr<br>Dainfern Gholf Toernooi | **Eerstespanne inhuldiging**<br>Seunshokkie: vs Jeppe Junior (t)<br>Robotika 14:00<br>Netbalkliniek (t) | **Toets 13**<br>Netbalkliniek (t)<br>Interdistriks Netbalproewe (t) – Laerskole<br>Wiskunde Olimpiade<br>Gr 12 Speechguild individual speaker (t)<br>Skaak vs Northcliff High (t)<br>o/12 & o/13 Rugbyproewe 14:00 | RNA<br>Interdistriks Netbalproewe (t) Hoërskole | RHN Frikkie Meyer (w)<br>SANESA Gauteng 2<br>Rugby 7's | SANESA Gauteng 2<br>Kooroptrede: GK Randburg 18:00<br>Visvang |
| **16** | **17** | **18** | **19** | **20** | **21** | **22** |
| **Toets 14**<br>Admaths Gr 8 tot 12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>A Capella oefening | Koor oefening<br>Gr 12. FW Verlengde skool | JOMO netbalproewe – Laerskole (Florida)<br>Seunshokkie vs Reddam<br>Gr 12 Loopbaanuitstalling (Atrium 13:00-15:00)<br>Robotika 14:00 | **Toets 15**<br>JOMO netbalproewe Hoërskole (Florida)<br>Hokkie Seuns & Dogters Steyn City (w) | Hokkie, tennis, gholf vs Midstream (w)<br>Hokkie Seuns & Dogters Steyn City (w)<br>Graad 11 Geskiedenis Uitstappie | **Menseregtedag**<br>Hokkie Seuns & Dogters Steyn City (w)<br>RHN Midstream (w)<br>Rugby 7's | Kooroptrede: NG Kerk Greydene 09:00 (Christo Naude) |
| **23** | **24** | **25** | **26** | **27** | **28** | **29** |
| Admaths Gr 8 tot12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>MMS Ensemble konsert<br>A Capella oefening | **Opedag**<br>Koor optrede tydens opedag<br>Gr 12. FW Verlengde skool | MMS Ensemble konsert<br>Dogtershokkie vs Redhill (w)<br>Seunshokkie vs Dainfern<br>Robotika 14:00 | Atletiek klub SA's<br>MMS Ensemble konsert<br>**Gr 9 Aanlegtoetse** | **Skool sluit**<br>Netbal Menlotoernooi<br>Netbal B- & C-spanne toernooi (t)<br>Atletiek klub SA's<br>Rugby: Ben Vorster toernooi<br>Skiet: GSSU H/S Florida | Netbal Menlotoernooi<br>Netbal B- & C-spanne toernooi (t)<br>Dogters hokkietoer Michael House (w)<br>Atletiek klub SA's<br>Rugby: Ben Vorster<br>Skiet: GSSU H/S Florida<br>Rugby 7's | Netbal Menlotoernooi<br>Netbal B- & C-spanne toernooi (t)<br>Dogters hokkietoer Michael House (w)<br>Rugby: Ben Vorster toernooi |
| **30** | **31** | | | | | |
| Menlo Netbaltoernooi<br>Dogters & Seuns hokkietoernooi Michael House (w)<br>Rugby: Ben Vorster toernooi<br>A Capella oefening | Seuns hokkietoernooi Michael House (w)<br>Rugby: Ben Vorster toernooi<br>Netbal Menlotoernooi<br><br>Onderwêreld dramagroep oefen in die skoolsaal | | | | | |